# ELJADA HUIS

Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont.
T- 012 377 0503 / S-0728558289
eljadahuis@mweb.co.za
www.eljadahuis.weebly.co.za
Facebook – Eljada Huis

20 September 2012
Dagsê Almal

Na ‘n paar dae in die Drakensberg is my battery weer gelaai. Om so naby die Skepper in die natuur te wees maak mens se battery baie gou vol van dankbaarheid en energie. Sy volgehoue en getroue liefde is so sigbaar wanneer mens niks anders doen behalwe om sy werk te geniet en te bewonder nie.

Terug by die Eljada Huis sien ek weer dinge met ander oë raak, die blydskap van almal om my terug te sien laat my tog voel ek maak ‘n verskil in hul lewens deur die genade van Bo. Ek dank almal vir jul gebede vir die mense hier en die werk wat gedoen word.

Gerda het op die facebook blad ‘n spesiale aanbod geplaas vir die wat belangstel in Gerbera’s. Gaan kyk gerus. Die potte is beskikbaar @ R40 elk of R35 elk indien 100 of meer bestel word. Eljada Huis ontvang R10 vir elke plant wat aangekoop word by haar. Sy sal gratis aflewer indien 100 of meer bestel word. Die planthuise is by Ogies. Kontak haar gerus via die facebook bladsy of by 0728115258. Sy is aktief op die Eljada Huis se facebookblad.

Ek het ‘n BAIE groot probleem met spasie en tot tyd en wyl die stoorruimte buite aangebou is wil ek vra of julle my kan help om appelbokse bymekaar te maak. Hul maak toe en kan lekker opstapel. Dit sal help om die onnetheid is nie huis bietjie onder beheer te kry. Ek ontvang heelwat goed wat hier gebruik kan word op ‘n later stadium en wat dan gestoor moet word vir eers. Diegene wat reeds hier was sal begrip hê vir my dilemma.

Ons koskas benodig asseblief blikkies vleis en vis, groente, soppoeier, koekmeel, suiker, kookolie, tee(rooi en gewoon), boksmelk en kondensmelk. Ons het baie pasta soos rys, macaroni en spaghetti ontvang – baie dankie. Toiletware kort ons net toiletpapier, sjampoe en spuitgoed. Ons het genoeg aanrol, seep en tandepasta ontvang vir eers – baie dankie.

Baie dankie by voorbaat.

Eljada Huis groete Annatjie